# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 10 Desember 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds. Piet Venter**

Ons het amper aan die einde van 2023 gekom en ons kan nie anders as om met dankbaarheid te reageer op alles wat ons die afgelope jaar uit die hand van die Here ontvang het nie. Die Here was vir elkeen van ons en vir ons as gemeente goed - selfs in die moeilikste tye en dae. Daarom wil ons van harte dankbaar wees. Kom ons leer vanmore uit Psalm 116 hoe so 'n dankbaarheidslewe lyk sodat ons dit van harte kan leef vir die Here!

**Tema:** God se weldade bewerk in ons 'n innige en aktiewe dankbaarheidslewe.

**Lofsang met die oog op die erediens**
Ps. 146 - 2: 1, 5, 6; Ps. 111 – 2: 1, (almal) 2 (susters), 3 (broers),4 (almal)

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Lied 190: 1; Votum; Groetseën; Sing Lied 203: 1, 2, 3; Geloofsbelydenis: HK Sondag 10 vr 27 en 28

**Verootmoedigingsdiens**
Die Wet uit Kol. 3: 5 – 17; Sing Ps 147 - 2: 3, 4; Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Psalm 116;
Teks: Psalm 116: 1; Woordverkondiging

**Antwoorddiens**
Sing Ps. 116 - 1: 1, 5, 7; Gebed; Liefdegawes; Sing Ps. 116 - 1: 8, 9, 10; Seën; Amen Sb 13-3.

**KLEINGROEPE - AFSLUITING**

**Kersfees 2023**

**Mat 1: 23** ***"Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem. Dit beteken God by ons".***

**UIT 'N MAAGD GEBORE…….WERKLIK?**

Tydens die Christusfees dink, praat en sing ons oor Jesus se geboorte. In 'n krip, in doeke toegedraai. Dat Hy uit 'n MAAGD gebore is, mag ons nie vergeet nie! Dit is die

vervulling van die profesie van Jesaja 7:14: Die MAAGD sal swanger word.

Die stukkie detail oor Jesus se geboorte bots met ons kennis van swangerskap en geboorte. Die samestelling van ‘n vrou se liggaam maak dit onmoontlik om bevrug te raak en ‘n maagd te bly.

Tog word driemaal herhaal in die weergawe van die geboortegeskiedenis:

- Maria sê: Ek was nog nie intiem met ‘n man nie, daarom kan ek nie swanger word nie.
- Josef hoor as verloofde dat sy swanger is. Hy mag van haar skei, as sy ontrou aan hom was. Hy weet hy kan nie die pa wees nie. Daarom beplan hy om die verhouding te verbreek.
- Die engel Gabriël sê vir Maria en Josef dat die Heilige Gees die geboorte moontlik maak. God sal die babaseun in haar moederskoot verwek.

**WAAROM?**

Waarom ‘n maagdelike geboorte? Omdat Jesus die Seun van God is, Hy was reeds voor sy geboorte uit Maria Seun van God. ‘n Normale bevrugting was dus nie nodig nie. Tog moes Jesus mens word, die menslike vlees en bloed aanneem. Hy moes gebore word soos enige baba. Om sonder Josef (of ‘n ander man) se betrokkenheid swanger te word, was onmoontlik. Dit weet Maria ook. Die engel beklemtoon dat by God niks onmoontlik is nie. Hy verwek die babaseun deur die Heilige Gees! Daarom is die perfekte en volkome Verlosser gebore, God en mens tegelyk!

Uit ‘n vrou ja, om mens te wees.

Maar uit ‘n MAAGD, om God te bly.

So voorsien God vir ons die Middellaar wat nodig was. In Hom is ons verlossing gewaarborg. Hy kon en wou en het as gekruisigde die volkome prys vir ons sondeskuld betaal.

In hierdie feestyd kom ons prys en dank Hom daarvoor!

*Met erkenning aan ds. Callie Opperman (Manna en kwartels)*

**MEELEWING**

- Kinnie Yssel se rugprosedure het goed afgeloop en sy sterk tuis aan.
- Salomé Jonker se lensvervanging het goed afgeloop. Komende Woensdag word die linkeroog gedoen, asook ‘n prosedure aan haar onderste ooglid.
- Andries du Plessis het ongelukkig nuus ontvang dat die kanker na sy long en kliere versprei het en moet een van die dae met chemoterapie begin.
- Dirk Lubbe het Vrydag in Medikliniek onder narkose inspuitings in sy rug ondergaan in ‘n poging om akute rugpyn te probeer verlig.
- Jan Schutte van Ronel se heupvervangingoperasie het goed afgeloop en herstel tuis.
- Paul en Liesbet Molana (ons werkers wat broer en suster is) se suster is in ‘n tragiese brandongeluk oorlede. Sy het 4 kinders wees agtergelaat wat nou onder die sorg van Paul en Liesbet kom. Ons sal moet dink hoe ons hulle kan help.
- Harmin Wijnberg is met ‘n kankergewas in sy regtersy gediagnoseer wat versprei het na die kliere onder sy arm. Hy is Vrydag geopereer om die gewas en kliere te verwyder.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte, Hannatjie du Plessis en Andries du Plessis.

## BAIE WELKOM AAN

Ria Lindeque wat met attestaat vanaf GK Groblersdal by ons aansluit. Sy woon in Van Rooy str. 46, Groep 8. Sy is Susan Pretorius se moeder en woon by hulle aan huis.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:30 Oggenderediens
Tee en Koffie
Kleingroepbedieninge

**Woensdag**
Skole sluit

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en SDDS: Kinderhuise (klein boks) Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir Thusofonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 8 en 9.

## EREDIENSREëLINGS EN VERLOF TYDENS DESEMBERVAKANSIE

Ds Piet neem verlof vanaf 12 Desember tot 2 Januarie. Ds Pieter van der Walt en ds Daan Bakker is hier en beskikbaar vir pastorale bystand en hulp.

Reëlings vir die eredienste en predikers:
Sondag 17 Des - prof. Sarel van der Walt
Sondag 24 Des - prof. Albert Coetsee
Maandag, 25 Des - Gesamentlike Kersdiens hier by ons: prof. Albert Coetsee
Sondag, 31 Des - prof. Albert Coetsee
LW: Geen aanddienste tydens die vakansietydperk

Adelé Delport neem verlof vanaf 27 Desember tot 12 Januarie. Die kerkkantoor sal dus vir daardie tydperk gesluit wees.

Truida van der Walt neem verlof vir die eerste twee Sondae van Januarie en sy tref reëlings vir plaasvervangers.

Die Klank- en Beeldspan sal sorg dat daar vir elke erediens iemand op diens sal wees.

## BAIE DANKIE AAN ONS FUNKSIONARISSE

Ons wil graag van harte die volgende mense bedank wat sorg dat ons elke Sondag met groot vreugde eredienste kan hou:
Ons orreliste - Truida van der Walt.
Ons koster - Dawie en Alta van Zyl,
Die Klank en Beeldspanne onder leiding van Eddie Coetsee.
Die Diakonie vir die elke Sondag se hartlike ontvangs van lidmate en die beheer van die liefdegawes.
Die Susters vir elke Sondag se tee, koffie, koeldrank en ysies vir ons kinders.
Marlise Styger wat elke Sondag die Kindererediensblad voorberei.

Kerkkantoor: ‘n Besondere woord van dank aan Adele Delport, wat ‘n onmisbare rol in die Kerkkantoor speel.
Kassier: Ook aan Pieter Lourens, wat met baie sorg en detail, ons gemeente se finansies hanteer.
Ons werkers: Paul en Liesbet Molana wat die tuine versorg en geboue skoonmaak.

## VAKANSIETYD- EN KERSFEESWENSE

Ons bid almal wat op reis gaan, ‘n veilige reis toe en almal wat met vakansie gaan, dat julle lekker sal uitrus. Vir dié wat nog moet werk - geniet die rustiger tempo hierdie tyd van die jaar.

Mag die Here aan ons almal ‘n geseënde Christusfees gee en ons met nuwe krag versterk vir die Nuwejaar.

Ds Piet en Rieëtte

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 10 Desember**
Br Danie le Roux

**Maandag, 11 Desember**
Br Daniël Basson

**Dinsdag, 12 Desember**
Sr Loretha de Vries
Sr Helena Kotzè

**Woensdag, 13 Desember**
Br Andrè Bronkhorst

**Donderdag, 14 Desember**
Sr Christina Swanepoel *

**Vrydag, 15 Desember**
Jbr Marè Bester

**Saterdag, 16 Desember**
Jbr DJ du Plessis

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## ‘N MUSIKALE KERSFEES

GK Potchefstroom
Saterdag, 23 Desember om 16:00
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe
Toegang: Gratis.
Donasies welkom vir restourasie van ou kerkie

## KERKBLAD

Die Kerkblad is beskikbaar in die voorportaal van die Skuur vir lidmate wat daarop ingeteken is.

## ALMANAK 2024

Die Almanak is in die kerkkantoor beskikbaar vir lidmate wat bestel het.

## GKSA-NUUS

Beroepe ontvang
• Proponent JA (Jandré) Coetsee na GK Grootfontein (Namibië)
• Ds LM (Marcel) Floor van GK Sasolburg na GK Gobabis (Namibië)
• Proponent WH (Willem) van Heerden na GK Derdepoort

**BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!**





# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID

Koeldrank word vandag na die oggenddiens onder die tent bedien.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Ansie Jordaan en groep 3, Estelle v Hamburg en groep 13, Rolene vd Walt en groep 23, asook Engela vd Walt en groep 31.

## BLIKKIES-WARMHARTE & SUSTERSBYDRAE

- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.
- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.



# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom!  Die erediens is ‘n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.
Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal ‘n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug ’n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur ’n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.
Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |